



NOTULE – ALGEMENE JAARVERGADERING

Datum: 14 November 2020
Tyd: 14:00

Gehou te: Brits Lapa, Bultfontein pad 27,
Vastfontein

1. **Opening en Verwelkoming:**

Jan-Piet Cooks open die vergadering en noem dat aangesien daar baie engels sprekende persone teenwoordig is, die vergadering in beide engels en afrikaans toegesprek kan word.

Conna Dreyer open met gebed.
Teenwoordigheidslys word gesirkuleer:

2. **Teenwoordig:**

Hermanus Gerber
Joey Gerber
Ernst Snyman
Chris Breedt
Colleen Gerber
Craig Brown
WG Potgieter
Willy Jacobs
Peet & Wilma Dorfling
Conna & Jeannette Dreyer
Patrick & Leah Phage
Marco Barwise & Jolen McDonald
JJ & Marilda van Wyk
Jan-Piet & Tarien Cooks
Corlia & Matian Barnard

Verskonings:

Henry van der Walt
Chris Schutte
Colin Wright
Clive Walters
Gerhard Louwrens
Jaco Brits
JP Botha
Carel van Bosch (SBBV)
Debbie Smit
Wickus Schönborn
Corne Theron

Gaste vanaf Tshwane Brandweer:

TC Mabaso – spokes person
Dr ST Khale

Jan-Piet Cooks welcomes the quests and said that it is the second time in our FPA history that our AGM meeting is attended by representatives from Tshwane.

3. **Lief en Leed:**

- A. Lief:
i Marco Barwise & Jolene McDonald – eersteling oppad
- B. Leed:
i Colleen Gerber – was siek
ii Wilma Dorfling – was siek – gaan beter
iii Chris Breedt was vir skouer operasie
iv Beulah Dorfling – galblaas operasie
v Mabel van Rooyen – knie operasie
vi Gerda Man in't veld - hospitaliseer
vii Nasstassja Venter – lewer toetse
viii Oom van As van Bravolaan - hospitaliseer
ix Tannie Sampie Verster – Covid19 gediagnoseer, herstel tans by dogter
x Allen Wolmarans – Beseer in aanval
xi Jan-Piet Cooks– was vir 'n nek operasie
xii Clive Walters – in ICU





- C. Sterftes:
- i Alet Oberholzer se skoonmoeder oorlede
 - ii JP Botha se skoonmoeder
 - iii Frans Strydom van Waterval oorlede
 - iv Gerrie Swanepoel is oorlede
 - v Dick du Preez is oorlede
 - vi Marika de Klerk is oorlede
 - vii Sarel Deysel is oorlede
 - viii Ge Breytenbach se vrou – oorlede na ongeluk
 - ix Andriette Jacobs se moeder is oorlede
 - x Martie Wolmarans is oorlede in plaasaanval
 - xi Christa Swanepoel is oorlede
 - xii Obie Oberholzer is ook oorlede

4. Goedkeuring van Notule van 25 Mei 2019:

Die notule van 25 Mei 2019 is gesirkuleer. Jan-Piet Cooks vra of die notule as gelese beskou kan word en of daar enige op- of aanmerkings is t.o.v. die korrektheid van die notule. Daar is geen veranderinge aan die notule nie.

¹ Voorstel vir aanvaarding van Notule: Chris Breedt Gesekondeer deur: Craig Brown Brown & Conna Dreyer

Jan-Piet Cooks verduidelik die omstandighede wat daartoe gelei het dat die AJV nie gedurende Mei 2020 gehou kon word nie.

Rede: Covid19 – level 4 regulations were in place. We tried to convene a meeting during August but that also did not realise. We, therefore, waited for the ease of the regulations to convene the meeting of today.

5. Vasstelling van Agenda:

Die agenda word hardop deurgelees deur Jan-Piet Cooks en word vasgestel as:

1. Voorsitters verslag
2. Finansies
3. Brandhoof verslag
4. Mediese verslag
5. Logistiekehoof verslag
6. Kommunikasie verslag
7. Wykshoofde
8. Struktuur
9. Sinoville Brand Bestryingsvereniging
10. Voorgestelde nuwe “logo”
11. Nuusbrief

Conna Dreyer vra dat 'n punt gevoeg word: “Ignorance of members”.

We must compile an information letter for distribution early in the next year.

12. Inligtingskrywe

Nothing further was added to the agenda.



6. Agenda bespreking:

1. Voorsittersverslag (2019/2020):

Jan-Piet Cooks gee 'n oorsig van die geskiedenis:

Geregistreerde naam: Apiesrivier Landelike Brandbeskermings Vereniging;
Stigtingsdatum/vergadering: 18 Junie 2005;
Datum van registrasie: 27 Maart 2006;
Reg no: 1743/01
Grootte van Gebied: net meer as 68 000 hektaar;

GRENSE:

Noordelike grens: Net voor Hammanskraal en Boekenhoutskloof grondpad
Suidelike grens: Bo-op/ kruin van die Magaliesberg
Oostelike grens: N1 snelweg en Wallmansthal grondpad uit na Kloppersbos kant tot teen Hammanskraal/Kameeldrift pad en dan met Boekenhoutskloof pad tot by Hammanskraal (m.a.w. 'n groot gedeelte van Boekenhoutskloof en Kloppersbos is nou ingesluit)
Westelike grens: R80 Mabopane snelweg

Daar is staats- en semi staatsgronde in die area: Departement Onderwys, TUT (Proefplaas), SA Nasionale Weermag (Wallmansthal & Rooiwal), Stad van Tshwane, Transnet se spoorlyn, Bakwena en die Universiteit van Pretoria.

Daar is ook heelwat serwitute van ESKOM en Telkom wat in die area is. Daar is substasies in APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING. se area.

BESTUUR:

Uitvoerende Komitee is tans:

Voorsitter	Jan-Piet Cooks Cooks	(Alpha 1);
Onder Voorsitter	Jaco Brits	(Alpha 2);
Sekretaresse	Colleen Gerber	(Alpha 3);
Tesourier	Joey Gerber	(Alpha 4);
Addisionele Lid	Peet Dorfling	(Alpha 5);

Die Brandbeskermingsoffissier vanaf Stad Tshwane se kant vir APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING. Is tans onseker oor dit is Mr Govender of Mr Mosia. We were informed by our guests from CoT that Mr Mosia is acting chief now.

BREË BESTUUR:

Brandhoof	Chris Breedt	(Bravo 1)
Noodhulphoof	Debbie Smit	(Bravo 2)
Logistiekehoof	Willy Jacobs Jacobs	(Bravo 3)
Kommunikasiehoof	Henri van der Walt	(Bravo 4)
Administrasie & Koördinerings	Tarien Cooks Cooks	(Charlie 1)
Assistent koördineerder	Vakant	(Charlie 2)

TOERUSTING:

Die Stad Tshwane se bydrae is tans 1x 1000l en 2x 500l waterkarretjies. APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING het ook eie waterkarretjies beskikbaar.



HOOGTEPUNTE:

Toerusting is deur die gebied versprei op grond van die digtheid van elke area se aantal lede, hoeveelheid brande en die behoefte. Gereedheid, bewustheid, samewerking van lede en die gemeenskap rondom veldbrande is goed en het toegeneem. Brandbestryding en koördinerings verbeter steeds deur middel van die wykshoofde wat verantwoordelikheid neem vir kleiner gebiede en om bewustheid in die areas te bevorder.

Daar is wykshoofde aangewys in die verskillende wyke om koördinerings te vergemaklik en te verbeter. Daar is meeste van die tyd goeie kommunikasie met Tshwane Brandweerdienste.

Lede sowel as nie-lede word op 'n gereelde grondslag in kennis gestel van die Brand Gevaar Indeks. Dit word daagliks op die APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING en ander areas se WhatsApp-groepe in die area versprei.

Brandpermitte is met sukses uitgereik dus is daar meer beheer oor brande.

Daar bestaan 'n samewerkingsooreenkoms met Sinoville Brandbestrydingsvereniging om mekaar by te staan tydens brande en het ons dus outomaties meer toerusting tot ons beskikking.

UITDAGINGS:

Daar is nog gemeenskapslede wat traag is om brand gereed te wees, soos om brandstroke voor te berei of brandpermitte aan te vra. Daar is egter heelwat nuwe aansluiting as lede by die APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING. Tans is daar ongeveer 10% van die gemeenskap wat lede is. Daar kan dus nog baie lede gewerf word.

Daar is tans nog baie van die gemeenskapslede wat verwag van die APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING (gesien as bestuur of R2) om alle brande te blus. Hulle beskou dit as die Bestuur se taak.

Gemeenskap inligting rondom veldbrande gaan stadig, dit kan egter verbeter met kommunikasie.

Reaksie tyd (lang wagtyd) vir die diens en toerusting vanaf Stad Tshwane. As gevolg hiervan is dit dus beter as APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING. self die toerusting diens.

Toerusting wat deur Tshwane afgeskryf word, word nie vervang nie. Indien toerusting dus afgeskryf word is dit weg uit die area. APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING het met 6 waentjies vanaf Tshwane ontvang en waarvan 3 egter afgeskryf en teruggeneem is deur CoT. Hierdie waentjies is nooit vervang deur CoT nie. Die twee bakkies wat ontvang is van CoT is ook teruggeneem en afgeskryf.

'n Groot leemte wat die APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING ondervind is die wetstoepassing deur Metro Polisie en SAPD. Die brandweer help APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING tot 'n mate om inspeksie te doen waar daar probleme is, maar die werklike toepassing van die wette en munisipale verordeninge deur Metro Polisie skiet ver tekort. SAPD se samewerking in die verband is ook baie swak.

Indien wetstoepassing in plek kom, sal APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING baie minder probleme ondervind en selfs indien wetstoepassers waarskuwings kan uitreik aan die oortreders van die wet, sal dit baie help.

Groter bewusmaking moet gedoen word rondom veldbrande deur alle lede.

Daar is geen ongevalle- of regsdekking vir lede nie.

Daar is ook 'n tekort aan beskermde drag (PPE) vir lede en gemeenskapslede.



LEDETAL:

Daar was 'n styging in die ledetal (tans is daar 360 lede) en baie dankbaar daarvoor. APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING het rekeninge uitgestuur deur middel van WhatsApp. Waarskuwings word deur die wykshoofde uitgereik, dus word baie meer mense bewus gemaak en raak baie meer betrokke by die APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING.

Daar is geen vrae nie.

2. Finansies:

Jan-Piet Cooks stel die Tesourier, Joey Gerber (A4) aan die woord.

2.1 Goedkeuring van Finansiëlestate van 2019/2020

Die ontleding word op die skerm vertoon en die tesourier, Joey Gerber doen verslag as volg:

Our financial year runs from 1 April – 31 March. Invoices was send out to all members (350 in total) on the 1st of April and since then sixty one (61) new members joined.

The report on screen consists of the yearly income and expenditure during 2019/2020. The budget in the last column reflects the approved budget for 2019/2020. As seen our income and expenditure is within the approved budget.

Joey Gerber pointed out that APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING have transferred R70 900 to the ALBBV. Trust in an investment account.

APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING accountants, Botha Rekenmeesters did the financial statements and it is available for viewing according to the constitution.

Geen vrae of opmerkings word oor die state gedoen nie.

² Die finansiëlestate word voorgestel vir aanvaarding deur: Chris Breedt
Sekondant: Conna Dreyer, Craig Brown en Peet Dorfling.

2.2 Goedkeuring van Begroting vir 2020/2021

Die uiteensetting van die begrote bedrae, vir die 2020/2021 boekjaar word op die skerm vertoon.

Joey Gerber reports that we are almost through the year and that we are still within the budget although R2 have cost us quite a bit of money.

APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING estimated income for the year is R118 000.

Craig Brown ask what the total expenditure for the year was up to date and Joey Gerber answers that it is R87 000 so far. The reason being the new tyres for R2 amounting to R20 000.

Geen vrae of kommentare word oor die begroting gevra nie en word die begroting vir 2020/2021 goedgekeur

³ Voorgestel vir aanvaarding: Willem Potgieter Gesekondeer deur: JJ van Wyk

Algemene kommentare:

- JJ van Wyk noem dat hy 'n oud seiner is en dat hy ons behulpsaam kan wees met die vordering van seinkorps se rekening. Hy sal ook kyk of hy dalk samewerking en toerusting gebruik kan verkry met blus van brande.
- Corlia of Hamerkop street wanted to know what other ways there is to get monies in?



- Jan-Piet Cooks answered that our section 18A certificate was approved and we can now issue certificates for tax relief when donations is received.
- APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING vul ook die inkomste aan deur die rekening wat ons uitstuur waar brande by nie-lede is.
- Peet Dorfling vra 'n vraag in Afrikaans aan Tshwane oor hulle gebrek aan samewerking en gebrekkige bystand ten opsigte van. toerusting.
- Dr Khale answers that they usually work the CBD area but attended the AGM to understand the problems of the FPA's in the rural areas. They will do a report and then sit down to see how is the best way they can assist the farmers this side. He understand that with each fire we lose income, productivity and grazing. Lets stand together and face the situation. The spokes person continues by saying that they started with an understanding that the meeting will be held in both languages as they are not comfortable with the Afrikaans language. He said that there is an arrangement i.t.o the department working with FPA's. He has been in service of the department for quite a number of years and he understand the challenges that we are facing. The challenges that you are facing is also the challenges we are facing. It is an open secret that the replacement of equipment and support is not at a good level as it was some time back. It also is a reflection of where they are as a department. The setup i.t.o. co-ordination between the department and the FPA's became different with the new management as well as the new chief coming. He said that they are hoping that with the report they take back, that the issues we have with the department will be better and i.t.o. co-operation the guys of Wonderboom will assist.
- JJ van Wyk wanted to know what happens when equipment used by the fire brigade reaches the the end of it's lifespan? For us it could still be of use. He knows that the department sends these items to an auction. He asks that the department do not auction these items off but offer it to the FPA's.
- Dr Khale closes by thanking us for the good job that we are doing and and suggests a meeting at CBD to discuss our needs and how we can assist each other. In the meeting the complaints/issues and needs can be discussed. They will assist us as a department. They want to restore the relationship like it was before.
- Tarien Cooks said that there are a number of things that we need to discuss with Tshwane and it is agreed that we compile a letter to the department to table down our issues and needs such as equipment, reservists, SERT programme, meeting with the people of the control center, etc.

Dr Khale asks permission for the department to leave the meeting.

Jan-Piet Cooks Cooks thanked them for attending the meeting and they left at 15:12

2.3 Rekenmeesters:

Joey Geber noem dat sy baie tevrede is met die diens van ons tans van die ouditeure ontvang. Sy werk nou saam met hulle en wil voorstel dat ons voortgaan om van Botha Rekenmeesters gebruik te maak.

****JJ van Wyk wil eers weer teruggaan na die begroting toe:****

JJ van Wyk se vraag: Wat was die persentasie begroting verhoging.en was vorige jaar op R108 000? Joey Gerber noem dat sy dit nog nooit uitgewerk het nie.

JJ van Wyk sê dat daarna gekyk moet word want die begroting groei elke jaar. JJ van Wyk noem daar is 'n inflasie koppeling bv. by die regmaak van 'n voertuig en moet die begroting so aanpas dat voorsiening daarvoor gemaak word. Daar word voorsiening daarvoor gemaak deur die aansluiting van nuwe lede.





Joey Gerber sê dat verlede jaar se dokumentasie by die rekenmeesters is indien daar dalk enige navrae is. Tarien Cooks noem dat die begroting vir verlede jaar ongeveer R100 000 was en die uitgawes R92 416. Tarien Cooks noem dat die rekenmeesters ook die nodige aanpassings op die begroting doen.

JJ van Wyk verstaan en is tevrede met die verduidelikings aan hom verstrekk.

Jan-Piet Cooks voel dat daar besig is om visie te verloor en voeg by dat die oogmerk van die bestuur is nie om geld uit die ledegeld te maak nie, en moet probeer word om dit uit ander bronne aan te vul, want die lede het reeds die regte ingesteldheid. Die lede doen reeds die werk, so waarom moet hulle dit nog befonds ook. Daarom word probeer om die ledegeld tot die minimum te beperk en moet die staat se ledegelde gevorder word want dit sal voldoende wees om APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING deur die jaar te kan dra. Indien APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING nog n fondsinsamelingsprojek of twee of borge kan kry kan dit APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING sterk sodat ons lede nie nodig het om verdere bydraes uit hulle sak te doen nie.

Om 15:32 is daar is 'n voorstel om 'n kort breek te neem om ons fokus weer terug te kry.

By hervatting van die vergadering word voorsgetel dat Botha rekenmeesters aanbly.

⁴ Voorgestel vir aanvaarding: Conna Dreyer Gesekondeer deur: JJ van Wyk

2.4 ALBBV Trust:

Die finansiëlestate is by Botha Rekenmeesters. Die enigste transaksie wat plaasgevind het was die oorplasing van die R70 900. Hierdie gelde is in 'n beleggingsrekening geplaas.

JJ van Wyk wil weet of die Trust deel is van die APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING of op sy eie?

Jan-Piet Cooks verduidelik dat die Trust onafhanklik en 'n eie entiteit is. Alle bates en toerusting is oorgeplaas in die ALBBV trust. Die APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING huur die toerusting by ALBBV trust. Tarien Cooks noem dat daar jaarliks net R100 000 oorbetaal kan word na die trust anders word geskenke belasting gehef.

JJ van Wyk maak 'n voorstel aan die bestuur dat APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING ook aan die begin van die brandseisoen bakkies kan huur en Jan-Piet Cooks sê dat die moontlikheid kan ondersoek. Dit kan baie help vir voertuie en om water op 'n toneel te kry.

Die finansiëlestate van die ALBBV Trust is nie beskikbaar nie aangesien dit by Botha Rekenmeesters is en kan daarom nie goedgekeur word nie.

Daar word voorgestel deur JJ van Wyk en Craig Brown dat die trust se finansiëlestate versprei word aan almal op die vergadering teenwoordig.

Tarien Cooks noem egter dat volgens ons grondwet die state nie versprei kan word nie maar dat die state vir 4 (vier) weke na die AJV vergadering beskikbaar is vir insae by die tesourier. Tarien Cooks stel voor dat dit op die volgende AJV goedgekeur word.

Joey Gerber noem dat op die trustvergadering die voorstel gemaak is dat 'n gedeelte van die ledegeld (10%) oorbetaal word aan die trust sodat die geld kan groei en sodat daar beweging in die rekening is. Daarmee kan dan ook toerusting of 'n bakkie aangekoop word.

Jan-Piet Cooks sê dat in terme van die 18(A) sertifikaat moet daar finansiële vloei deur die bankrekening wees regdeur die jaar, vandaar die gedeelte ledegelde wat maandeliks oorbetaal sal word.



JJ van Wyk doen die voorstel dat die bedrag “huur” wat betaal word oor 11 maande afbetaal word met 'n finale oorbetalings van die voorafbepaalde verskuldigde saldo. In plaas van om te sê dat 'n gedeelte van die ledegelde oorbetaal word.

Tarien Cooks antwoord dat hierdie onderwerp al op verskeie vergaderings bespreek en goedgekeur is. Hierdie versoek van die gedeelte oorbetalings is 'n versoek vanaf die trust en word ondersteun deur Adv. Eugene J van Rensburg (advokaat wat die trustakte opgestel het). Die trust is gestig om die lede sowel as die bates van die brandbeskermingsvereniging te beskerm. Verder word enige fondse wat geskenk word na die trust betaal.

⁵ Die voorstel dat 'n gedeelte van die ledegelde op 'n gereelde basis oorbetaal moet word aan die trust word goedgekeur en algemeen aanvaar.

2.5 Artikel 18A sertifikaat

Reeds bespreek

2.6 Trustees van die ALBBV Trust

Andriëtte Jacobs het bedank as trustee. Om Andriëtte Jacobs te verwyder as trustee neem ongeveer 'n jaar by die Meester van die Hooggeregshof.

Volgens die trust se akte moet daar tenminste 3 (drie) trustees wees.

⁶ Die trustees van die trust word bevestig en gehou as volg:

Peet Dorfling Dorfling (Voorsitter), Joey Gerber (Sekretaresse/Tesourier), Eugene J van Rensburg en JP Botha as (onafhanklike lede). Tarien Cooks dien as verteenwoordiger van die APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING.

2.7 Ledegelde

'n Aantal van die lede het hierdie jaar bietjie later as normaal betaal. Verskeie van die lede het gereël vir afbetaling en is nou ten volle opbetaal. Daar is ook van APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING se lede wat dubbel ledegelde betaal het om 'n ander lid te borg.

Jan-Piet Cooks bedank vir Joey Gerber vir haar volledige verslag.

6.3 Brandhoof:

Die statistiek van die brande word deur Chris Breedt as volg deurgegee:

Gedurende	2015/2016	253 brande
	2016/2017	345 brande
	2017/2018	348 brande
	2018/2019	385 brande
	2019/2020	387 brande

Die toename in brande in baie gevalle kan aan nalatigheid toegeskryf word.

Die areas wat die meeste brande gehad het: Honingnestkrans, Bon Accord, Onderstepoort. Daar is baie min lede in hierdie areas.

Beserings en lewensverlies:

Daar was geen ernstige beserings aangeteken nie. (Slegs geringe brandwonde)



Opleiding:

Opleiding was by Honingnestkrans en Bultfontein by die wildsplaas gedoen en het goed afgeleef.

Vanaf die brandweer se kant af bedank Chris Breedt elkeen van die wykshoofde en gemeenskapslede wat betrokke was by die blus van brande. Chris Breedt vra dat die wykshoofde die noodfoon laat weet sodra die brand geblus is sodat die brandweer gekanselleer kan word.

Daar is nie verdere vrae nie en word Chris Breedt deur Jan-Piet Cooks bedank vir sy inset.

6.4 Medies:

Jan-Piet Cooks het met Debbie Smit gepraat, sy werk skofte en kan daarom baie kere nie die bestuursvergaderings bywoon nie. Daar word gekyk om die pos te skuif (bv. as deel van Chris Breedt se verantwoordelikhede) of om te desentraliseer in die wyke sodat elke wyk sy eie mediese persoon het. Dit funksioneer in meeste wyke klaar so en Debbie Smit gaan nie uit na brande toe nie maar kan as raadgevende persoon optree. Jan-Piet Cooks dui aan dat daar wel opleiding in beplanning was maar dat dit gekanselleer was weens 'n gebrek aan belangstelling

JJ van Wyk sê dat die pos behou moet word en dat ons wel 'n kontakpersoon/spesialis op medies moet hê om die noodhulp beamptes by te staan.

Jan-Piet Cooks sê daar is verskeie dokters in die area wat tydens noodgevalle telefonies gekontak kan word. Dit sal goed wees as elke wyk sy eie kontakte/mentors opbou.

Peet Dorfling se reaksie is dat die desentralisering na die wyke 'n goeie idee is maar dat daar 'n oorhoofse pos moet wees.

Die algemene gevoel is dat die pos behou word, Debbie Smit moet as morele en raadgevende rugsteun aanbly.

6.5 Logistiek:

Toerusting plasing:

Daar is 'n lys beskikbaar van al die toerusting en waar die toerusting geplaas is. Daar was navrae aan Willy Jacobs gerig oor waar die toerusting geplaas is vanuit die gemeenskap en Willy Jacobs wil weet of hy die lys op WhatsApp mag plaas.

Tarien Cooks sê: nee, indien 'n persoon die toerusting wil gebruik, die reëling deur die brandfoon gemaak moet word, dit is die standard werksprosedure. Daar moet behoorlike kontrole en beheer wees oor die toerusting. JJ van Wyk stem saam dat daar een verantwoordelike persoon moet wees waar die reëlings by gemaak moet word.

Peet Dorfling noem dat die navraag wat ontvang was, was waar daar onderlinge gevegte was in 'n area. Die stelsel soos dit tans is, werk goed.

Skuif van toerusting:

Die persoon wat geteken het vir die item, is die verantwoordelike persoon. Die verantwoordelike persoon het nie die reg om die toerusting te skuif sonder die APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING se bestuur se toestemming nie. Daar moet dokumentasie voltooi word indien toerusting geskuif word.

Craig Brown vra of hy aan iemand kan toestemming gee om toerusting, wat onder sy beheer is, te gebruik. Die antwoord is dat indien die persoon wat die item wil gebruik wel 'n APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING lid is, Craig Brown die toestemming kan gee. Die verantwoordelikheid rus egter op Craig Brown wat die verantwoordelike persoon is.



Willy Jacobs noem ook dat indien 'n brand geblus is waarheen R2 uitgeroep was, moet die brandfoon gekontak word sodat die bystand deur R2 gekanselleer kan word. Dit bespaar kostes.

Craig Brown sê dat indien daar 'n aktiewe vuur is dat R2 wel moet uitgaan.

Jan-Piet Cooks voeg by dat solank daar vlamme is word niks gekanselleer nie.

Willy Jacobs sê mop-up is nie R2 se verantwoordelikheid is nie. Dit word beaam deur JJ van Wyk, dit is die gemeenskap en die wykshoofde se probleem.

Daar is nie verdere vrae of kommentaar nie.

6.6 Kommunikasie:

Jan-Piet Cooks staan in:

Kommunikasie verloop redelik goed ten opsigte van die radioroep soggens en saans.

Die APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING se amptelike radiostelsel is die 67 mhz Marnet stelsel. Daar is 187 roepseine beskikbaar, 63 stasies antwoord gereed die radio roep en 11 stasies is tans nie toegeken nie. Die persoon wat 'n roepsein wil ontvang moet 'n opbetaalde lid wees by die APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING.

Daar is ook die WhatsApp-groepe en die noodnommer van APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING.

Operasioneel is daar heelwat uitdagings wat kommunikasie aan betref, maar word dit aangespreek op daardie vlak.

Tarien Cooks lig almal in dat die nuwe webwerf nou aktief is.

Kommunikasie tussen die wykshoofde is op 'n wykshoofde vergadering bespreek. Tans is daar verskillende radiostelsels (VHF, UHF en Marnet) elkeen met sy eie radio frekwensies wat gebruik word. Daar is gevra dat daar 'n gesamentlike brandkanaal (dieselfde stelsel met een frekwensie) gebruik gemaak moet word.

Die moontlikheid van 'n digitale stelsel (bv. Halo radios) word ondersoek. Jan-Piet Cooks noem dat nie almal ten gunste is van 'n digitale stelsel nie as gevolg van die tegnologie wat nog nie heeltemal op standaard is nie. Daar is ook 'n maandelike koste verbonde. Die voor- en nadele sal teen mekaar opgeweeg word.

Al die areas sal bymekaar moet kom sodat 'n kommunikasie plan saamgestel kan word en 'n besluit geneem kan word oor die instel van 'n brandkanaal. JJ van Wyk sê daar moet met die seiners gepraat word sodat die seiners dalk rigting kan aanwys.

Daar is ook 'n Facebookblad. Gaan besoek gerus die bladsy en "Like en Share" met jou vriende.

Geen verdere vrae nie.

6.7 Wykshoofde:

Die wykshoofde is:

Craig Brown – Waterval

Jeannette - Honingnestkrans

Shane – Grootvlei Wes

Marco – Vastfontein

Hermanus – Bon Accord

Nishal - Grootvlei Oos

Christo - Lusthof/Kromdraai

Barries – Bultfontein

Marcos – Haakdoornboom

Tarien Cooks bedank die wykshoofde vir hulle hulp en bystand om haar taak ligter te maak.

Peet Dorfling noem dat dit is die wykshoofde wat waarskuwings uitreik. Dit is nie die lekkerste ding om te doen nie maar is 'n opvoedings taak en dien as bewusmaking en afskrikmiddel. Dit gaan die werk baie ligter maak.



Daar sal ook volgende jaar gekyk word na operasionele beplanning. Dit sal in samewerking met Roodeplaat en APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING gedoen word.

6.8 Struktuur:

GUFPA (Gauteng Umbrella Fire Protection Association):

APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING het ongeveer 'n maand gelede by GUFPA aangesluit. APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING is genoodsaak om aan te sluit sodat sake wat nie reg hanteer word deur GUFPA aangespreek kan word. Adv. Eugene J van Rensburg het APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING se bestuur toegesprek en verduidelik waarom daar deel gevorm moet word van GUFPA.

DAFF:

Themba Dlamini sou ook die vergadering bywoon, maar kon dit ongelukkig nie maak nie. Tydens die gesprek met Tarien Cooks het hy genoem dat DAFF die ontbinding van APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING en die stig van die "business units" teenstaan. Themba Dlamini sien Woensdag die Brandweer waar hy 'n voorlegging aan die Brandweer sal doen en inlig dat dit teen die wet is om "business units" te stig, Themba Dlamini sal voorstel en aanvra dat die Brandweer'n vergadering met APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING moet reël.

Tarien Cooks noem ook dat daar nog geen terugvoer was oor die oudit wat DAFF einde verlede jaar gedoen het op APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING .

6.9 Sinoville Brand Bestrydingsvereniging:

JP Botha van Sinoville BBV het vir Tarien Cooks gevra dat sy moet noem dat hulle besig is om te registreer om 'n brandvereniging wees wat Sinoville en Pretoria-Noord gaan insluit. Sodra die registrasie gefinaliseer is sal die grense van APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING weer geskuif word, aangesien daar ne twee brandverenigings in een area geregistreer kan wees nie. JP Botha sal APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING op hoogte hou. Jan-Piet Cooks noem dat die verhouding tussen APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING en Sinoville BBV nie gaan verander nie, net die papier struktuur verander.

6.10 Logo:

Craig Brown het 'n voorstel om sy klere te "brand" met die APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING se logo en Laymae het 'n voorbeeld ontwerp vir die APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING se logo. Die logo word voorgelê vir goedkeuring.

Jan-Piet Cooks sê daar kan ook stensils gemaak word wat op die toerusting aangebring kan word sodat die toerusting maklik uitgeken kan word.

Die voorgestelde logo word goed ontvang. Daar is 'n versoek dat die "river" na rivier" verander word aangesien ons amptelik as Apiesrivier geregistreer is.

6.11 Nuusbrief:

Tarien Cooks wil weet of ons weer 'n nuusbrief moet uitstuur. Craig Brown noem dat daar goeie kommentaar gelewer was oor die nuusbrief. Daar kan voortgegaan word met uitstuur van die nuusbrief.

Wilma Dorfling wil weet hoe kan daar seker wees dat alle lede die kommunikasie ontvang?
Die antwoord is dat daar nie kan waarborg dat ons teikenmark wel die kommunikasie ontvang nie. Die



Bestuur doen hul bes om die kommunikasie by almal uit te bring. Daar word so ver moontlik die boodskappe versprei deur middel van e-posse, WhatsApp groepe en sms.

Tarien Cooks noem dat die grootste probleem is lede waar kontakbesonderhede verander en nie APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING in kennis stel van die verandering nie. Om kommunikasie te verbeter is daar ook op WhatsApp-groepe 'n "broadcast" lysie gestig. Op die gestigde groepe is beide die man en vrou se kontaknommers gestoor. Verder is daar ook 'n groep om die Engelssprekendes te akkommodeer. Indien 'n lid antwoord op "broadcast groep" gaan die boodskap direk na die APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING se foon toe. Daar was ook sms'e gestuur aan persone wat nie WhatsApp gehad het nie.

Peet Dorfling sê dat daar lede is wat uitgesluit voel aangesien hulle nie korrespondensie vanaf APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING ontvang nie.

Jan-Piet Cooks noem dat indien 'n lid uitgesluit voel moet die lid APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING kontak sodat daar seker gemaak word dat APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING wel oor sy korrekte kontak inligting beskik. APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGSVERNIGING beskik oor dokumentere bewys van alle korrespondensie wat uitgestuur word.

6.12 Inligtingskrywe:

Conna Dreyer sê dat hierdie inligtingskrywe eintlik tweeledig is.

Conna Dreyer se motor is met 'n klip gegooi. Conna Dreyer vra of die wykshoofde nie met 'n identifikasie kaartjie / kenteken voorsien kan word nie?

Die inligtingskrywe rondom brande moet uitgegee word vir die mense wat sê: "I didn't know". Conna Dreyer sê hy sal die skrywe in Honingnestkrans aflewer.

Die voorstel word goed ontvang en Jan-Piet Cooks bedank hom vir sy bydrae.

8. Volgende AJV vergadering:

Voorlopig vasgestel vir Mei 2021, afhangend van Covid regulasies

9. Afsluiting:

Jan-Piet Cooks bedank almal (Bestuur, wykshoofde en lede). Vergadering sluit 17:09



Addendum tot Notule:

Goedkeurings:

¹ Notule van AJV gehou op 25 Mei 2019:

Voorstel vir aanvaarding: Chris Breedt

Gesekondeer deur: Craig Brown Brown & Conna Dreyer

² Finansiëlestate van Vereniging vir 2019/2020:

Voorgestel vir aanvaarding: Chris Breedt

Gesekondeer deur: Conna Dreyer, Craig Brown Brown en Peet Dorfling

³ Begroting vir boekjaar 2020/2021:

Voorgestel vir aanvaarding: Willem Potgieter

Gesekondeer deur: JJ van Wyk

⁴ Goedkeuring vir die voortgesette gebruik van Rekenmeesters:

Voorgestel vir aanvaarding: Conna Dreyer

Gesekondeer deur: JJ van Wyk

⁵ Oorbetalings van 10% van die ledegedeltes na ALBBV Trust:

Die voorstel dat 'n gedeelte van die ledegedeltes op 'n gereelde basis oorbetalings moet word aan die ALBBV trust word goedgekeur en algemeen aanvaar.

⁶ Goedkeuring van Trusteës van ALBBV Trust:

Geen verandering in die Trusteës nie.